

Sondag 2 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 17:1-19 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 17:9

“Hulle het die wetboek van die Here saamgeneem ...!”

Koning Josafat van Juda het met sy besondere lewe gewys wat gehoorsaamheid en toewyding aan die Here beteken (17:4). Die direkte gevolg hiervan was dat die Here sy koningskap bevestig het, en die hele Israel hom met geskenke vir sy voorbeeldige godsdienstige lewe vereer het (17:5).

Vroeg in sy regering stuur hy sy beste amptenare, waaronder ook Leviëte en priesters, na al die stede van Juda om die volk te onderrig. Die fokusarea van hulle onderrig was die wil van God, en daarom lees ons het die bekwame manne “... *die wetboek van die Here saamgeneem ...* (17:9)! Al die lande rondom Juda het van Josafat se regeringsmodel te hore gekom (dat die wil van God sentraal in sy lewe staan) en hulle was vreesbevange vir die Here (17:10).

Met die onderrig van die volk het Josafat getoon dat *hervorming* en *omkeer* en *reformasie* nie van die Woord van God losgemaak word nie. Die Heilige Gees het die wet van God vir ons opgeskryf sodat ons vandag met die Bybel, God se volmaakte wil, in ons hande sit. Van Genesis tot Openbaring vind ons God se raad vir kennis, gehoorsaamheid en dankbaarheid.

Die Lewende Woord, ons Here Jesus Christus (Joh. 1:1, 14), kom stap die pad van volmaakte gehoorsaamheid. Nie alleen leef Hy die wil van sy Hemelse Vader volkome uit nie, maar bewerk Hy ons nietige mense se volkome geregtigheid voor God. Sy genoegdoening word dus genoegdoening, sy geregtigheid ons geregtigheid, en sy heiligheid ons heiligheid (HK, Sondag 23). Hierdie besondere karakter word ons toegereken uit louter genade deur die kragvolle werking van die Heilige Gees.

Die Gees van ons Leermeester in ons herinner ons voortdurend aan die volmaakte wil van God en herinner ons voortdurend aan die voorbeeld van ons Here Jesus Christus (Kol. 3:16). *Wat meer moet ons weet?*

Sing: Psalm 25:1, 2, 3 (2001)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)